Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISASIE OP ONTWIKKELENDE LANDE GEHAD?

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

   Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET WIT SUID-AFRIKANERS DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1980's UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *diensplig* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Wat, volgens die bron, was die hoofdoelwitte van die ECC? (2 x 1) (2)

1.1.3 Waarom dink jy, was die ECC teen diensplig en militarisering gekant? (1 x 2) (2)

1.1.4 Verduidelik hoe die SAW die apartheidstelsel binne en buite Suid-Afrika in die middel-tagtigs beskerm en gehandhaaf het. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Waarom, dink jy, het die ECC vir 'n beëindiging van militêre diensplig gevra? (1 x 2) (2)

1.2.2 Waarmee, volgens die bron, het jong mans te staan gekom wat geweier het om diensplig te verrig? (2 x 1) (2)

1.3 Vergelyk Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1B die inligting in Bron 1A ondersteun rakende die redes waarom die ECC anti-militêre diensplig-veldtogte gehou het. (2 x 2) (4)

1.4 Lees Bron 1C.

1.4.1 Noem die eerste jongman uit die bron wat geweier het om in die SAW te dien. (1 x 1) (1)

1.4.2 Lewer kommentaar op wat Anton Eberhard met sy stelling geïmpliseer het: "Dit is my oortuiging dat die huidige regering geen reg het om aan bewind te bly nie, en enige organisasie wat dit in staat stel om dit te doen, kan nie ondersteun word nie," in die konteks van sy teenkanting teen diensplig. (2 x 2) (4)

1.4.3 Haal bewyse uit die bron aan wat die heersende wit houding teenoor beswaarmakers beklemtoon. (1 x 2) (2)

1.4.4 Watter deurslaggewende faktore, volgens die bron, het Eberhard se besluit beïnvloed om nie aan sy oproep gehoor te gee nie? (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Hoekom dink jy was die land in 1985 aan die brand? (2 x 2) (4)

1.5.2 Verduidelik die term *sluipmoord* in die konteks van opposisie teen die regering se beleid in die 1980's. (1 x 2) (2)

1.5.3 Hoe, volgens die bron, het die regering die aktiwiteite van die ECC onderdruk? (3 x 1) (3)

1.5.4 Lewer kommentaar op wat Adriaan Vlok met sy stelling geïmpliseer het: "... dat die ECC deel was van die revolusionêre aanslag teen Suid-Afrika." (1 x 2) (2)

1.5.5 Hoe bruikbaar sal hierdie bron wees vir 'n historikus wat die reaksie van die regering op die totstandkoming van die ECC navors? (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe wit Suid-Afrikaners die apartheidsregering gedurende die 1980's uitgedaag het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP AKTIVIS SIPHIWO MTIMKULU GEHANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die Waarheidskommissie se werk sedert April 1996? (2 x 1) (2)

2.1.2 Definieer die term *amnestie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Wie, volgens die bron, was die kommissie se rots van geloofwaardigheid? (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar oor wat met die volgende stelling geïmpliseer word: 'die amnestieverhore het wettige toutrekkery geword,' in die konteks van die doelwitte van die WVK. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Noem die organisasie vanuit die bron waarby Mtimkulu in 1979 aangesluit het. (1 x 1) (1)

2.2.2 Waarom, dink jy, het die veiligheidspolisie Mtimkulu en sy bewegings fyn dopgehou? (2 x 2) (4)

2.2.3 Definieer die term *marteling* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.2.4 Hoe, volgens Joyce Mtimkulu, is haar seun gemartel? (2 x 1) (2)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto geneem? (2 x 2) (4)

2.3.2 Watter bewyse in die bron stel voor dat Siphiwo Mtimkulu die stryd teen apartheid sal voortsit? (1 x 2) (2)

2.4 Vergelyk Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2B aangaande die behandeling van anti-apartheidsaktiviste deur die NP-regering, ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Lees Bron 2D.

2.5.1 Wie, volgens die bron, het erken dat hy die Oos-Kaapse studenteleier Siphiwo Mtimkulu, tereggestel het? (1 x 1) (1)

2.5.2 Waarom, dink jy, het generaal Nic van Rensburg oorspronklik gelieg oor sy betrokkenheid by die moord op Siphiwo Mtimkulu? (2 x 2) (4)

2.5.3 Wie, volgens die bron, is saam met Siphiwo Mtimkulu ontvoer en vermoor? (1 x 2) (2)

2.5.4 Lewer kommentaar oor wat Van Rensburg geïmpliseer het toe hy Mtimkulu en Madaka beskryf het as 'twee groot ratte (dele) in die revolusionêre stryd' wat uitgeskakel moes word. (1 x 2) (2)

2.5.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die moord op Siphiwo Mtimkulu bestudeer. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) die moord op die aktivis Siphiwo Mtimkulu gehanteer het. (8)

**[50]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISASIE OP ONTWIKKELENDE NASIES GEHAD?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die begrip *globalisasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Identifiseer die TWEE finansiële instellings uit die bron wat globalisering op die wêreld afdwing. (2 x 1) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die verband tussen globalisering en demokrasie. (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, was die resultate van globalisering? (2 x 1) (2)

3.2.2 Lewer kommentaar op waarom globalisering nie die gaping tussen die wêreld se armste lande en die wêreld se rykste lande kan verminder nie. (2 x 2) (4)

3.2.3 Verduidelik of McDonalds gesien kan word as ŉ voorbeeld van hoe tipiese besighede in die globale ekonomie funksioneer. (2 x 2) (4)

3.2.4 Wat, volgens die bron, is die rolle van minder ekonomies ontwikkelde lande in ŉ geglobaliseerde ekonomie? (2 x 1) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskap wat die spotprent aangaande globalisasie oordra. (2 x 2) (4)

3.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat verduidelik waarom Afrika nie bereid was om die Weste te vergewe nie. (2 x 1) (2)

3.3.3 Lewer kommentaar oor die impak van globalisering soos in die spotprent uitgebeeld op:

(a) Die Weste (1 x 2) (2)

(b) Lande van Afrika (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3B ondersteun aangaande die invloed wat globalisering op ontwikkelende nasies gehad het. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Noem enige TWEE deurslaggewende rolle uit die bron wat globalisering op Derdewêreldlande speel. (2 x 1) (2)

3.5.2 Verduidelik die konsep *kulturele imperialisme* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.5.3 Lewer kommentaar oor die beperking van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat die impak wat globalisering op ontwikkelende lande gehad het, bestudeer. (2 x 2) (4)

3.5.4 Hoe, volgens die bron, is Derdewêreldlande met die res van die wêreld verbind? (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak wat globalisering op onder-ontwikkelende nasies het, verduidelik. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Die opstel moet min of meer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

'Die Swart Bewussyn-filosofie het trots onder swartes ingeboesem en hulle gemobiliseer om die apartheidstaat in Suid-Afrika in die 1970's uit te daag.'

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou argument deur van relevante bewyse gebruik te maak. **[50]**

### VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

'Terwyl hy die nodige erkenning gegee word, moet daarop gelet word dat die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika op 27 April 1994 nie net die gevolg was van die rol wat Nelson Mandela gespeel het nie.'

Bespreek die stelling krities. Motiveer jou argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormingsbeleide van glasnost en perestroika die Nasionale Party en African National Congress beïnvloed het om in 1994 'n ooreenkoms te bereik.

Motiveer jou argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET WIT SUID-AFRIKANERS DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1980's UITGEDAAG?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die redes vir die instelling van die Einde-konskripsie-veldtog (ECC) in 1983.

Die Einde-konskripsie-veldtog (ECC) was gestig in 1983, nadat Black Sash besluit het om in Julie daardie jaar ŉ organisasie vir gewetensbeswaarde mense (mense wat skuldig voel oor iets) te stig. Die belangrikste doelwit van die ECC is om die regte van gewetensbeswaardes te verbreed en om ŉ stelsel van alternatiewe (ander) militêre diens te skep, sonder die element van straf. Die ECC was gestig as ŉ koalisie (samesmelting), gelei deur die bestaande Gewetensbeswaarde Ondersteunings-groepe, bestaande uit menseregte-, godsdienstige-, studente- en vroue-organisasies wat teen konskripsie en militarisering gekant was en toegewyd was om vir ŉ regverdige vrede in ons land te werk.


Die ECC se teenkanting teen konskripsie was gebaseer op die fundamentele geloof dat geen persoon teen sy wil gedwing kan word om die wapens op te neem en ŉ lewe te neem nie. Weens die stygende betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in operasies teen die Suid-Afrikaanse weerstandsorganisasies binne en buite die land en in beskerming en instandhouding van die apartheidstelsel in die middel-tagtigs, het ŉ groeiende aantal jongmans teen nasionale diens gerebelleer. Meeste van hulle het uit Suid-Afrika gevlug om militêre diens te vermy, terwyl ŉ minderheid gearresteer was nadat hulle geweier het om militêre diens te ondergaan. Die ECC het so vinnig gegroei dat teen die einde van 1985 dit meer as 4 000 lede in sewe takke gehad het.

[Uit https://omalley .nelsonmandela.org>index. php>. Toegang op 9 November 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1B**

Die plakkaat was ontwerp deur die ECC vir sy amptelike bekendstelling by die Claremont-burgersentrum, Kaapstad, in Oktober 1984.




[Uit pri.org/file/ECCjpg-o. Toegang op 9 November 2021 verkry.]

**Opskrif:** **ONS DOEN ’N BEROEP VIR ŉ EINDE AAN KONSKRIPSIE**

**JONGMANS WORD OPGEROEP OM DIE ONWETTIGE BESETTING TE HANDHAAF VAN NAMIBIË EN OM ŉ ONREGVERDIGE OORLOG TEEN DIE BUITELAND TE VOER**

**JONGMANS WORD OPGEROEP OM IN DIE IMPLEMENTERING EN VERDEDIGING VAN APARTHEIDSBELEIDE TE HELP**

**JONGMANS WAT WEIER OM TE DIEN, STAAN VOOR DIE KEUSE VAN ŉ LEWE IN BALLINGSKAP OF ŉ MOONTLIKE 6 JAAR TRONKSTRAF**

**BRON 1C**

Hierdie bron verduidelik die redes waarom ŉ jong wit Suid-Afrikaner geweier het om in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) te dien.

Die eerste jongman om aangekla te word vir weiering om in die SAW te dien, was Anton Eberhard. Hy het sy aanvanklike diens in 1970 voltooi. Hy was weer opgeroep vir diensplig. Hy het geantwoord met ŉ brief aan sy kampkommandeur waarin hy geskryf het: "Ek gee erkenning aan die ontvangs van jou oproeppapiere, maar vir redes uit gewete (beginsels) is ek nie in staat om by te woon nie. Ek het baie oor die saak nagedink en is ten volle bewus van die gevolge vir weiering ... Dit is my oortuiging dat die huidige regering geen reg het om in beheer te bly nie en enige organisasie wat dit in staat stel om so te doen, kan nie ondersteun word nie."

Sy baas, in reaksie wat die heersende wit houdings tipeer (demonstreer) het hom uit woede gevra: "So wie gaan verhoed dat ons dogters verkrag word?" ŉ Belangrike faktor in sy besluit was die feit dat ŉ vriend in die tyd van sy oproep gearresteer was. In ŉ onderhoud het hy verklaar: "Ek het bevriend geraak met Vusi en ŉ voorsmaak gekry in hoe die lewe was vir swart Suid-Afrikaners. Ek het geweet ek kon nie ŉ SAW-uniform aantrek nie." Eberhard was gevonnis tot 12 maande in aanhoudingsbarakke (leërkampe), waarvan hy twee uitgedien het.

[Uit https://core.ac.uk. >download>pdf 145042157.pdf. Toegang op 9 Augustus 2021 verkry.]

**BRON 1D**

Die bron hieronder verduidelik die reaksie van die Nasionale Party regering teenoor die ECC in die 1980's.

Teen 1985 was die land aan die brand. Daardie jaar – kort na die sluipmoord van Matthew Goniwe en ander Cradock-leiers – het die ECC 'n internasionale vredeskonferensie in Johannesburg gehou. In 1985 was dit in die Parlement aangekondig dat 7 589 konskripte gefaal het om aan te meld vir die Januarie nasionale oproep, in vergelyking met 1 596 vir die hele 1984. Teen daardie tyd het 7 000 oorlogsteenstanders in Europa gewoon, maar baie ander het eenvoudig die oproep ontwyk deur die militêre polisie te ontduik of hul studies onbepaald te verleng.

Namate die ECC in ondersteuning gegroei het, het die regering probeer om sy aktiwiteite te onderdruk. Dit het 'n kwaai smeerveldtog teen die ECC gevoer in 'n poging om te toon dat dit onpatrioties (nie goeie burgerskap) en gevaarlik was. Strooptogte was op ECC kantore uitgevoer en oor die 75 aktiviste was gearresteer, terwyl ander persoonlik geteister of aangeval was. Die destydse Minister van Verdediging, Magnus Malan het gesê: "Die ECC is 'n direkte vyand van die SAW. Dit is skandelik dat die SAW, maar veral die land se jong mense, die trots van die nasie, onderwerp moet word aan die ECC se propaganda, agterdog-saaiende misinformasie (valse inligting). Hy het verklaar dat die ECC deel van die revolusionêre aanslag teen Suid-Afrika was." Die P.W. Botha regering het ook die tydperk van gevangeskap van twee na ses jaar verleng vir weiering van militêre diens.

In Augustus 1988 het die ECC die eerste wit organisasie in meer as 20 jaar geword om verban te word deur die apartheidsregime. In 1989 in reaksie op 'n nasionale versetveldtog het die ECC dit self 'ontban'. Gou was konskripsie van twee jaar na een jaar verkort en na 1990 effektief uitgefaseer en amptelik in 1993 beëindig. Die ECC het druk op die konskripsie-stelsel geplaas en aan die einde dit vir die staat onmoontlik gemaak om dit af te dwing.

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/end-conscription-campaighn-ECC. Toegang op 9 Augustus 2021 verkry.]

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN AKTIVIS SIPHIWO MTIMKULU GEHANTEER?

### BRON 2A

Die bron hieronder verduidelik die redes vir die Waarheid-en-Versoenings-kommissie (WVK) wat in 1995 gestig was.

Sedert April 1996, was die Waarheidskommissie se werk om na slagoffers se stories te luister, dikwels vertel deur oorlewende familielede en om amnestie te bied in ruil vir die waarheid van die oortreders van politieke misdade gedurende die era van die slegs-blanke regering. Die kommissie se rots van geloofwaardigheid was sy klein en biegvader, afgetrede aartsbiskop Desmond Tutu, wie ook die 1984 Nobelprys vir Vrede gewen het, vir sy pogings om ŉ einde aan apartheid te bring. Namate dit die finale fase van sy mandaat binnegaan het, wat onlangs uitgebrei is om die vloed van amnestie aansoeke te hanteer, het dit net so kontroversieel (omstrede) geword soos die misdade wat dit ondersoek het.

Baie swartes het geglo dat die kommissie bevooroordeeld was ten gunste van wittes en baie wittes het geglo dat dit ten gunste die swartes was. Die uitgesaaide (wat op televisie verskyn) verhore was veronderstel om Oprah-styl vertel-alles sessies te wees wat nasionale rekonsiliasie en genesing bevorder. Baie slagoffers en hul families, het egter bitterlik gekla dat die amnestie-verhore ŉ wettige toutrekkery geword het.

Sommige slagoffers het berusting gevind by die amnestie-verhore, terwyl ander 'ongelukkig' was omdat hulle geglo het dat sommige oortreders nooit die volle waarheid oor hul misdade ontbloot het nie.

[Uit https://archive.macleans.ca>article>the-painful-truth Toegang op 1 November 2021 verkry.]

**BRON 2B**

Hierdie bron fokus op die getuienis wat Siphiwo Mtimkulu se ma, Joyce Mtimkulu aan die WKV-verhore by die Eeufees-Saal (Centenary Hall) in New Brighton in Junie 1996, gelewer het.

Mtikmkulu was deel van ŉ nuwe vlaag van anti-apartheid aktivisme (betrokkenheid) in die 1970's, gegrond in die ideale van swart bemagtiging en jeug-aktivisme. Toe die Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS) in 1979 gevorm was, het Mtimkulu by die Port Elizabeth-tak aangesluit kort nadat hy uit die tronk vrygelaat was. Sy misdaad was die besit van verbanne literatuur (boeke, koerante, ens.). Mtimkulu se politieke aktiwiteite het hom gou bekend gemaak aan die Port Elizabeth se veiligheidspolisie. Teen daardie tyd was dit algemene kennis dat COSAS swaar geïnvesteer (betrokke) was in die vryheidstryd en geaffilieer (deel gevorm het) was aan politieke partye wat verban was, wat uit die buiteland werksaam was. Dit help om te verduidelik waarom die sekuriteitspolisie Mtimkulu se bewegings so noukeurig dopgehou het. Dit was slegs ŉ kwessie van tyd voordat sake tot ŉ punt gekom het – en in 1981 het dit tot ŉ konfrontasie gelei wat die verloop van Siphiwo se lewe sou beïnvloed (en onvermydelik, dit veels te vroeg sou beëindig).

Monde Mditshwa, een van Siphiwo's se vriende, het aan die WVK verduidelik hoe Siphiwo gevang was in wat sy finale verblyf in polisie-aanhouding sou wees. Siphiwo was in die arm geskiet, gearresteer en in aanhouding geneem (via die hospitaal). Mtimkulu was gevange gehou vir vyf maande en was op 20 Oktober 1981 vrygelaat. Hy het onmiddellik gekla van erge pyn in sy bene, voete en maag, sowel as om te praat oor die tipe marteling wat hy moes verduur terwyl hy in aanhouding was. Joyce Mtimkulu, Siphiwo se ma, het geluister en baie wat Siphiwo in 1981 gesê het, opgeneem en was in staat om haar seun se marteling aan die Menseregteskendings verhoor oor te vertel by die WVK, vyftien jaar later. Sy verduidelik dat Siphiwo gemartel was deur elektriese skokke, geslaan en byna doodversmoor was met 'n nat handdoek.

Soos die pyne erger geraak het, was hy na Livingstone hospitaal op 26 Oktober 1981 geneem en oorgeplaas na Kaapstad se Groote Schuur hospitaal vir meer omvattende toetse. Toetse het gewys dat tallium (gif) in Simphiwo se liggaam aanwesig was, 'n rare (skaars) en kleurlose chemiese middel wat moeilik is om te ontdek. Simphiwo was vergiftig.

[Uit:sabcnew.com./sabcnews/life-and-times-of-a-youth-activist-the-murder-of-siphiwo-mthimkhulu Toegang op 1 November 2021 verkry.]

**BRON 2C**

Die foto toon Siphiwo Mtimkulu wie ontslaan word uit Groote Schuur-hospitaal in 1982 nadat hy behandel was vir tallium-vergiftiging, wat deur die veiligheidspolisie aan hom gegee was terwyl hy in detensie (aanhouding) was. Die fotograaf is onbekend.



[Uit journals.openedition.org/etudesafricaines/22209?long=en. Toegang op 1 November 2021 verkry.]

**[DIE PLAKKAAT LEES: 'VERGIFTIGING VAN MENSE GAAN ONS NIE STOP NIE']**

**BRON 2D**

Die bron hieronder verduidelik die getuienis wat op 26 Januarie 1997 by die WVK in Port Elizabeth deur ŉ polisie-generaal gelewer is oor hoe hy die bedwelmde aktivis Siphiwo Mtimkulu tereggestel het.

Afgetrede sekuriteitspolisie, generaal Nic van Rensburg, het erken dat hy Oos-Kaapse studente-leier Siphiwo Mtimkulu in 1982 tereggestel het nadat hy hom met gedokterde koffie bedwelm het, en oor die moord by die Harms-kommissie van Ondersoek gelieg het. By getuienis voor die Amnestiekomitee, het Van Rensburg ook erken dat hy gelieg het in ŉ aansoek aan die Kaapse Hooggeregshof om Mtimkulu se ma tydelik die stilswye op te lê (haar te laat stil bly). In die valse verklaring wat hy aan die Harms-kommissie in 1990 gemaak het, het hy persoonlike betrokkenheid aan Mtimkulu se dood ontken.

Vir die eerste keer het Van Rensburg openlik aan die komitee vertel van sy rol in die ontvoering en moord van Mtimkulu en sy mede-aktivis, Topsy Madaka. Hy soek amnestie vir die moord, tesame met drie voormalige sekuriteitspolisiemanne. Toe hy vroeër getuig het, het Van Rensburg Mtikulu en Madaka as ‘twee groot ramkatte (gevaarlike mense) in die rewolusionêre stryd’ beskryf. Na hul ontvoering buite ŉ Port Elizabeth hotel, op 14 April 1982, was die aktiviste geneem na ŉ ongebruikte polisiestasie naby Cradock waar hulle ondervra en toe gedokterde drankies ingegee is, het hy gesê. Nadat die aktiviste albei geskiet was, is hul liggame op ŉ hopie hout geplaas en aan die brand gesteek. Die volgende oggend het hulle die oorblyfsels bymekaargeskraap en dit in die Visrivier gegooi. Dieselfde dag het hulle die aktiviste se motor na die Lesotho-grens bestuur om die indruk te skep dat hulle die land verlaat het. “Ek is jammer oor wat ek gedoen het,” het Van Rensburg gesê.

In 2000 is amnestie aan die moordenaars van Mtimkulu en Madaka toegestaan. Die kommissie het bevind dat hulle die volle waarheid oor die storie van die dood van die twee aktiviste openbaar het.

In 2007, tien jaar na die verhore plaasgevind het, het die Taakspan vir Vermiste Persone, die oorblyfsels van Mtimkulu en Madaka by Post Chalmers, die afgeleë terrein in die Oos-Kaap gevind waar hulle vermoor was.

[Uit justice.gov.za/trc/media1997/9701/s970924c.htm. Toegang op 1 November 2021 verkry.]

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISASIE OP ONDER-ONTWIKKELENDE NASIES GEHAD?

### BRON 3A

Hierdie is ŉ uittreksel uit ŉ toespraak deur Horst Kohler, die besturende direkteur van die IMF, wat op 28 Januarie 2002 by die Amerikaanse konferensie in Washington DC oor die voornemens van globalisering gelewer is.

Globalisering is die proses waardeur ŉ toenemende vrye vloei van idees, mense, goedere, dienste en kapitaal lei tot die integrasie (ineenvloeiing) van ekonomieë en samelewings. Dit word dikwels beskou as ŉ onomkeerbare (permanente) mag wat deur sommige lande en instellings soos die IMF en die Wêreldbank op die wêreld afgedwing word. Dit is egter nie so nie. Globalisering verteenwoordig ŉ politieke keuse ten gunste van internasionale ekonomiese integrasie, wat vir die grootste deel hand aan hand gegaan het met die konsolidasie van demokrasie. Juis omdat dit ŉ keuse is, kan dit uitgedaag word, selfs omgekeer word, maar net teen ŉ groot koste vir die mensdom. Die IMF glo dat globalisering groot potensiaal het om by te dra tot die groei wat noodsaaklik is om ŉ volgehoue vermindering van wêreldwye armoede te bereik ...

Handelsliberalisering (vryheid) is die beste vorm van hulp vir selfhelp, beide omdat dit ŉ ontsnapping van hulpafhanklikheid bied en omdat dit ŉ wen-wen-speletjie is, kan alle lande voordeel uit vrye handel trek. Die ware toets van die geloofwaardigheid van ryk lande se pogings om armoede te bekamp lê in hul bereidwilligheid om hul markte oop te stel en handelssubsidies uit te faseer in gebiede waar ontwikkelende lande ŉ vergelykende voordeel het soos in landbou, verwerkte voedsel, tekstiele, klere en ligte vervaardigers.

[Uit www.imf.org/exernal/np/exr/ib/2002/031502.htm. Toegang op 20 November 2021 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder beskryf die negatiewe uitwerking van globalisering op arm nasies.

Globalisering het gelei tot: verhoogde internasionale handel; 'n maatskappy wat in meer as een land werksaam is; groter afhanklikheid van die globale ekonomie; vrye beweging van kapitaal, goedere en dienste; erkenning van maatskappye soos McDonalds en Starbucks in minder ekonomies ontwikkelde lande.

Alhoewel globalisering waarskynlik help om meer welvaart in ontwikkelende lande te skep, help dit nie om die gaping tussen die wêreld se armste lande en die wêreld se rykstes te verklein nie. Globalisering het daartoe gelei dat baie besighede bedrywighede in ander lande oprig of koop. Maatskappye wat in verskeie lande bedrywig is, word Multi-Nasionale Korporasies (MNK's) of Trans-Nasionale Korporasies (TNK's) genoem. Die Amerikaanse kitskosketting-restaurant McDonalds is 'n groot MNK – dit het byna 30 000 restaurante in 119 lande.

Globalisering funksioneer meestal in belang van die rykste lande, wat steeds wêreldhandel oorheers ten koste van ontwikkelende lande. Die rol van minder ekonomies ontwikkelde lande in die wêreldmark is meestal om die Noorde en Weste van goedkoop arbeid en grondstowwe te voorsien. Daar is geen waarborge dat die rykdom van inwaartse belegging die plaaslike gemeenskap sal bevoordeel nie. Dikwels word winste teruggestuur na die meer ekonomies ontwikkelde land waar die TNK gebaseer is.

[Uit https:/www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation/globalisation rev5.shtml. Toegang op 20 November 2021 verkry.]

## BRON 3C

Hierdie spotprent het in die *Eritrean News* verskyn met die titel, 'Hoe die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds Afrika vernietig.' Die spotprenttekenaar en die publikasie datum is onbekend.




[Uit https://www.tesfanews.net/wp-content/uploads/2015/01/Africa-indebted-to-IMF-World-Bank.jpg Toegang op 20 November 2021 verkry.]

**DIE WESTE**

**SKULDKANSELLASIE**

**HY SAL VERGEWE AS JY SAL VERGEET**

**"VERGEWE DIE SKULD IN AFRIKA"? ...** JY BEDOEL OM DIE EEUE VAN KOLONIALE UITBUITING, SLAWERNY EN DIEFSTAL VAN ONS NATUURLIKE HULPBRONNE TE VERGEET?

**BRON 3D**

Die bron hieronder beskryf die positiewe effekte (gevolge) wat globalisering op ontwikkelende lande het.

Belangrik, globalisering speel ’n sleutelrol in die Derdewêreld. In besonder beïnvloed globalisering die politiek, bevorder tegnologiese ontwikkeling, vergroot ekonomiese prosesse en verbeter die sosiale, gesondheid en die natuurlike omgewing. Internasionale handel bly ’n versterker vir die meeste van hierdie ekonomieë, omdat hulle markte vir ontwikkelde lande is en bied ’n geleentheid om hul produkte na die globale mark uit te voer. Behalwe dit, is globalisering egter tweesydig. Dit lei tot werkloosheid, groter inkomste – ongelykheid en kulturele imperialisme onder ander negatiewe faktore.

Die eerste effek is dat die standaard van lewe van miljoene mense in die Derdewêreld verbeter. In besonder, met globalisering, het regerings van ontwikkelende lande toegang tot buitelandse lenings, wanneer hulle hierdie fondse gebruik om vervoer-infrastruktuur, gesondheidsdienste, besproeiingskemas, onderwys en ander sosiale dienste te verbeter, verhoog die standaard van lewens. Indien hierdie geld nie reg aangewend word nie, kan dit aanleiding gee tot korrupsie en verhoogde armoede in ontwikkelende lande. Vandag is Derdewêreld-lande in verbinding met die res van die wêreld deur satelliete en kabeldienste.

[Uit https: //www.linkedin.com/pulse/impact-globalisation-developing. Toegang op 20 November 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:


https://archive.macleans.ca>article>the-painful-truth

https://core.ac.uk. >download>pdf 145042157.pdf

https://omalley nelsonmandela.org>index. php>

https:/www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation/globalisation rev5.shtml

https://www.linkedin.com/pulse/impact-globalisation-developing

https://www.sahistory.org.za/article/end-conscription-campaighn-ECC

https://www.tesfanews.net/wp-content/uploads/2015/01/Africa-indebted-to-IMF-World-Bank.jpg

journals.openedition.org/etudesafricaines/22209?long=en

justice.gov.za/trc/media1997/9701/s970924c.htm

pri.org/file/ECCjpg-o

sabcnew.com./sabcnews/life-and-times-of-a-youth-activist-the-murder-of-siphiwo-mthimkhulu

www.imf.org/exernal/np/exr/ib/2002/031502.htm.


Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ʼn standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ʼn regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ʼn vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ʼn antwoord op ʼn paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ʼn kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ʼn kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . ________________
_______________ . ________________________ . __________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ʼn logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ʼn redelike reeks feite of ʼn effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ʼn opstel ʼn inleiding, ʼn samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ʼn slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ʼn spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ʼn riglyn vir nasien van ʼn spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*

Kopiereg voorbehou 

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ʼn opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ʼn Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ʼn algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van ʼn gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET WIT SUID-AFRIKANERS DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1980's UITGEDAAG?

1.1 1.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Om verpligte militêre diensplig te verrig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Verbreding van die regte van gewetensbeswaardes
- Die skepping van die stelsel van alternatiewe militêre diens sonder die element van straf (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Niemand moet gedwing word om wapens teen hulle wil op te neem nie
- Om die element van straf te verminder
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Binne Suid-Afrika was die weermag gebruik om die weerstands-bewegings te onderdruk
- Die SAW het Namibië onwettig beset
- Die SAW het in Angola teen die kommunistiese magte geveg
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die ECC het gevoel dat dit moreel verkeerd is om mense dood te maak
- Die ECC wou nie teen mede-Suid-Afrikaners veg wie vir geregtigheid/vryheid veg nie
- Was nie meer bereid om apartheid te handhaaf en te beskerm nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- ŉ Lewe in ballingskap
- 6 jaar tronkstraf (2 x 1) (2)

1.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1A en 1B – V3]*

- Bron 1A meld dat die SAW betrokke was by die verdediging en handhawing van die apartheidstelsel en Bron 1B toon dat die SAW gehelp het om die apartheidsbeleide te implementeer
- Bron 1A dui aan dat die SAW by operasies buite die land betrokke was, terwyl Bron 1B toon dat jong mans opgeroep is om die onwettige besetting van Namibië te handhaaf en ŉ onregverdige oorlog teen die buiteland gevoer het.
- Bron 1A meld dat jong dienspligtiges in ballingskap gegaan het en tronk toe gestuur is omdat hulle geweier het om militêre diens te doen en Bron 1B toon die gevolge vir die weiering om militêre diens te doen
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Anton Eberhard (1 x 1) (1)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Hy het geglo apartheid moet beëindig word
- Hy het geglo dat die SAW die apartheidsregering/wit oppergesag handhaaf en beskerm
- Hy het geglo die onderdrukking van die swart meerderheid was verkeerd
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'Sy baas, in reaksie wat die heersende wit houding tipeer wat in woede gevra word ...'
- 'So wie gaan verhoed dat ons dogters verkrag word'

(Enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- ŉ Vriend is aangehou ten tye van sy oproep
- Hy het met Vusi bevriend geraak en ŉ voorsmakie gekry van wat die lewe vir swart Suid-Afrikaners was (2 x 1) (2)

1.5. 1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Interne weerstand teen die apartheidstelsel het toegeneem
- Verskillende organisasies het stakings, boikotte en ander vorme van protesaksies van stapel gestuur om apartheid te beëindig
- Swart Suid-Afrikaners was ontevrede met die kosmetiese veranderinge wat die P.W. Botha-regering aangebring het
- Suid-Afrika het onregeerbaar geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1D – V1]*

- Opsetlike en beplande moord op mense wat aktief gekant was teen die apartheidsbeleid
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Het venynige smeerveldtog gevoer
- ECC-kantore is toegeslaan
- 75 aktiviste is aangehou
- Tydperk van gevangenisstraf het van twee tot ses jaar toegeneem (Enige 3 x 1) (3)

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Dat dit deel van die ANC was wat die regering wou omverwerp
- Geglo dat hulle met die kommuniste beplan het om Suid-Afrika oor te neem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5.5 *[Evalueering van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1D – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit is as bedreiging vir die regering beskou
- Die regering het die ECC verbied
- Meer wit Suid-Afrikaners het geweier om by die SAW aan te sluit
- Diensplig is van twee jaar na een gesny
- ECC-amptenare is deur die apartheidsregering geteister
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Het die ECC gevorm (Bron 1A)
- Geweier om militêre diens te doen (Bron 1A)
- Sommige het uit Suid-Afrika gevlug om militêre diensplig te vermy (Bron 1A)
- Die ECC het geweier om met die implementering van die apartheidswette te help (Bron 1B)
- Geweier om teen swartes in die townships te veg (eie kennis)
- Aan wit Suid-Afrikaners geopenbaar die impak wat apartheid op hul lewens gehad het (eie kennis)
- Anton Eberhard het geglo dat die huidige regering geen reg het om aan bewind te bly nie en nie ondersteun moet word nie (Bron 1C)
- 7 589 dienspligtiges het versuim om vir nasionale oproep aan te meld (Bron 1D)
- Verskillende veldtogte wat deur die ECC gehou is, het daartoe bygedra om die land onregeerbaar te maak (eie kennis)
- Sommige blankes het eerder in ballingskap gegaan of hul studies verleng as om militêre diens te doen (Bron 1D)
- Die ECC was as direkte vyand/bedreiging van die SAW beskou (Bron 1D)
- Die ECC het druk op die dienspligstelsel geplaas en dit onmoontlik gemaak vir die staat om te implementeer (Bron 1D)
- Black Sash het nagwaak teen die apartheidswette gehou (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe wit Suid-Afrikaners die apartheidsregering gedurende die 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe wit Suid-Afrikaners die apartheids-regering gedurende die 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse op basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe wit Suid-Afrikaners die apartheidsregering gedurende die 1980's uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN AKTIVIS SIPHIWO MTIMKULU GEHANTEER?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Om na slagoffers se stories te luister'
- 'Om amnestie aan te bied' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 2A – V1]*
- Amptelike kwytskelding vir polities gemotiveerde misdade
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Desmond Tutu' (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Baie oortreders van politieke misdade het by die amnestieverhore gelieg en met moord weggekom
- Baie veiligheidspolisie het nie die volle waarheid van hul gruweldade bekend gemaak nie, maar het amnstie verkry
- Baie oortreders het net erken wat alreeds geweet is vir die verkryging van amnestie en het onopregte verskonings aangebied
- Dit was swart versus wit by die WVK
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Kongres van Suid-Afrikaanse Studente (COSAS)' (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- COSAS was met by verbode politieke organisasies geaffilieer
- Hy bevorder die doelwitte van die bevrydingstryd
- As die leier van COSAS is hy as aanstigter/opstoker teen apartheid beskou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 2B – V2]*
- Onmenslike/ straf van mense wat apartheid teengestaan het
- Metode wat gebruik word om inligting oor die aktiwiteite van die bevrydingsbewegings te verkry
- Om slagoffers te dwing om iets te erken wat hulle nie gedoen het nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- 'Elektriese skokke'
- 'Geslaan'
- 'Byna met 'n nat handdoek versmoor' (2 x 1) (2)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie uit bewyse Bron 2C – V2]*
- Om die nagevolge van die vergifting op Siphiwo te toon
- Hy word omring deur jong kamerade / COSAS-lede wat hom beskerm en steeds waardeer as aktivis
- Dit wys dat Siphiwo steeds deur die regering as bedreiging beskou word, daarom die teenwoordigheid van ŉ polisieman met ŉ geweer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- "Vergiftiging van mense sal ons nie keer nie" (1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B en 2C – V3]*
- Bron 2B dui aan dat Siphiwo weens vergiftiging na die Groote Schuur-hospitaal geneem is en Bron 2C wys dat Siphiwo die hospitaal verlaat ná sy behandeling
- Bron 2B dui aan dat die veiligheidspolisie die aktiwiteite van Siphiwo fyn dopgehou het en Bron 2C wys hoe gewapende polisiebeampte Siphiwo fyn dophou toe hy die hospitaal verlaat het
- Bron 2B dui aan dat COSAS baie in die bevrydingstryd betrokke was is en in Bron 2C toon dat vergiftiging hulle nie sou stop nie (wat beteken dat hulle die bevrydingstryd sal voortsit)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- General Nic van Rensburg (1 x 1) (1)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Om die veiligheidspolisie te beskerm
- Om die apartheidsregering te beskerm
- Hy wou nie vir moord tronk toe gestuur word nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- 'Topsy Madaka' (1 x 2) (2)

2.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Hulle was aktief betrokke by die weerstandsbeweging
- Hulle het beplan om die apartheidsregering omver te werp
- Hulle was lede van die verbode ANC/COSAS
- Hy was ŉ doring in die vlees vir die veiligheidsmagte
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.5 *[Evalueer die betroubaarheid van die bewyse uit Bron 2D – V3]*
**Hierdie bron is BETROUBAAR omdat:**

- Dit is ŉ primêre bron aangesien Nic van Rensburg direk betrokke was by die moord op die twee aktiviste
- Die amnestie-aansoek waarna verwys word, is voor die WVK se amptelike amnestiekomitee verwerk
- Dit gee die name van veiligheidspolisieman wat betrokke was by die teregstelling van Siphiwo Mtimkulu
- Dit verduidelik hoe Siphiwo Mtimkulu en Topsy Madaka tereggestel is
- Dit verduidelik hoekom die veiligheidspolisieman amnestie deur die WVK toegestaan is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan van die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die rede vir die stigting van die WVK was om die verlede te hanteer (Eie kennis)
- WVK het ŉ platform verskaf om na slagoffer se stories te luister (Bron 2A en Bron 2B)
- WVK het nasionale versoening en genesing bevorder (Bron 2A)
- Die WVK het volle amnestie gebied aan diegene wat na vore gekom het en hul misdade beken het (Bron 2A)
- Joyce Mtimkulu kon haar storie vertel tydens die WVK-verhoor van die marteling en vergiftiging van haar seun (Bron 2B)
- Polisieman met ŉ versteekte geweer dui aan dat Siphiwo ŉ bedreiging vir die regering was wat tot sy ontvoering en dood gelei het (Bron 2C)
- Afgetrede veiligheidspolisiemanne het gelieg voordat hulle om amnestie aansoek gedoen het (Bron 2D)
- Afgetrede veiligheidspolisiemanne moes die waarheid oor die dood van Siphiwo en Madaka openbaar (Bron 2D)
- Van Rensburg en Niewoudt het voor die WVK verskyn (Bron 2D)
- Bely hoe hulle Siphiwo en Madaka gemartel het in sy amnestieverhoor (Bron 2D)
- Slagoffers het die geleentheid gehad om diegene wat hul geliefdes seergemaak het, te konfronteer (Eie kennis)
- Oortreders is amnestie toegestaan (Bron 2D)
- Ondersteuners wou hê die oortreders moet gestraf word (Eie kennis)
- Joyce Mtimkulu het sluiting gekry (Bron 2D)
- Joyce was 'gelukkig' met die WVK-proses (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Waarheids-en-VersoeningsKommissie (WVK) die moord van aktivis Siphiwo Mtimkulu hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip **oor hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die moord van aktivis Siphiwo Mtimkulu hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op basiese manier om paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer deeglike begrip oor hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die moord van aktivis Siphiwo Mtimkulu hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISASIE OP ONTWIKKELENDE NASIES GEHAD?

3.1 3.1.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*

- Globalisering beteken dat lande meer interafhanklik word en dat mense oor die hele wêreld meer aan mekaar verbind is
- Globalisering het gelei tot die monopolisering op nywerhede deur groot sakeondernemings, wat groot winste maak ten koste van onderontwikkelende en onontwikkelende lande
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Internasionale Monetêre Fonds (IMF)
- Wêreldbank (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Globalisering vind gewoonlik in demokratiese lande plaas
- Baie ontwikkelende lande wat nie demokraties is, was gedwing om hul politieke stelsels te verander as vereiste vir buitelandse hulp van die Westerse lande
- As globalisering tot voordele in spesifieke demokratiese land lei, help dit om demokrasie in daardie land te handhaaf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- 'Verhoogde internasionale handel'
- 'Maatskappy wat in meer as een land werksaam is'
- 'Groter afhanklikheid van die globale ekonomie'
- 'Vrye beweging van kapitaal, goedere en dienste'
- 'Erkenning van maatskappye soos McDonald's en Starbucks in minder ekonomies ontwikkelde lande' (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3B – V2]*

- Globalisering het veroorsaak dat die wêreldmark deur ryk lande oorheers word
- Ontginning van natuurlike hulpbronne in minder ekonomiese ontwikkelde lande deur ryk lande
- Arm lande trek nie voordeel uit die winste wat in hul lande gemaak word nie
- Arm lande het van buitelande lenings afhanklik geraak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

**JA**

- McDonald's is ŉ multi-nasionale maatskappy en dit toon sy ekonomiese mag en beheer
- McDonald's het 30 000 restaurante in 119 lande. Dit wys sy oorheersing
- Enige ander relevante antwoord

**NEE**

- McDonald's is internasionaal en het baie afsetpunte om hul naam te onderhou
- Dit het te veel ondervinding gehad
- Kan nie as ŉ klein afsetpunt beskryf word nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- 'Om goedkoop arbeid te verskaf'
- 'Om grondstof te verskaf' (2 x 1) (2)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Die Weste het besef dat hulle bygedra het tot die armoede van onderontwikkelde lande
- Die Weste is bereid om die skuld af te skryf aangesien lande nie in staat was om die lenings terug te betaal nie
- Die Weste het genoeg wins uit Afrika gemaak aangesien hulle vrye toegang tot hul grondstowwe en markte gehad het
- Dit toon die arrogante houding van die Weste teenoor die ekonomiese welstand van Afrika
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- 'Eeue van koloniale uitbuiting'
- 'Verslawing'
- 'Diefstal van natuurlike hulpbronne' (Enige 2 x 1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

(a)
- Ryk/vet/ordentlik in pak gekleed
- Hou die ontwikkeling van Afrika in hul hande
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2)

(b)
- Swak/dun/armoedig gekleed
- Uitbuit
- Geen ontwikkeling het in Afrika nie as gevolg van groot skuld plaasgevind
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3C – V3]*

- Bron 3B dui aan dat globalisering slegs welvaart in ontwikkelde lande geskep het terwyl Bron 3C toon dat dit tot armoede in ontwikkelende lande gelei het.
- Bron 3B noem dat globalisering in belang van die ryk lande funksioneer terwyl Bron 3C toon dat globalisering gelei het tot die uitbuiting, verslawing en diefstal van die natuurlike hulpbronne van ontwikkelende lande
- Beide bronne verwys na die negatiewe impak wat globalisering op ontwikkelende lande gehad het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Vorming van politiek'
- 'Bevordering van tegnologiese ontwikkeling'
- 'Verbetering van ekonomiese prosesse'
- 'Verbetering van sosiale, gesondheid en die natuurlike omgewing' (Enige 2 x 1) (2)

3.5.2 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 3D – V2]*

- Ryk lande dwing hul kulture af op ontwikkelende lande/ Derde Wêreldlande
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.5.3 *[Evalueer die beperking van die bewyse uit Bron 3D – V3]*

**Die bron is BEPERK omdat:**

- Dit beklemtoon slegs die positiewe impak van globalisering op ontwikkelende lande
- Dit gee 'n eensydige standpunt oor die impak wat globalisasie op ontwikkelende lande gehad het
- Globalisasie het die lewensomstandighede van miljoene vererger
- As gevolg van buitelandse skuld kon menige ontwikkelende lande nie op die globale mark kompeteer nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Satelliet'
- 'Kabel' (2 x 1) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan van die volgende aspekte insluit:
**POSITIEWE GEVOLGE**
- Globalisering sal lei tot die integrasie van ekonomieë en samelewings (Bron 3A)
- Sal lei tot die vermindering van wêreldwye armoede (Bron 3A)
- Ontwikkelende nasies sal by vrye handel baat vind (Bron 3A)
- Het toegang tot maatskappye soos McDonald's en Starbucks (Bron 3B)
- Het toegang tot buitelandse lenings (Bron 3D)
- Verbeter die lewensomstandighede van miljoene mense in ontwikkelende lande (Bron 3D)
- Bevorder tegnologiese groei (Bron 3D)
- Ontwikkelende lande het die geleentheid om hul produkte na die globale mark uit te voer (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**NEGATIEWE GEVOLGE**
- Globalisering word deur sommige lande en instellings op ontwikkelende nasies afgedwing (Bron 3A)
- Gelei tot ongelykheid – die rykes word ryker en die armes word armer (Bron 3B en Bron 3C)
- Gelei tot armoede (Bron 3B en Bron 3C)
- Voorsien die Noorde en Weste van goedkoop arbeid en grondstowwe (Bron 3B)
- Ontwikkelende lande het nie voordeel getrek uit die winste wat in hul lande gemaak is nie (Bron 3B)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor die impak wat globalisasie op onderontwikkelende nasies gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor die impak wat globalisasie op onderontwikkelende nasies gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op basiese manier om paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer deeglike begrip oor die impak wat globalisasie op onderontwikkelende nasies gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**
Kandidaat moet saamstem of nie saamstem oor hoe die SB-filosofie trots onder swartes ingeboesem het en hulle gemobiliseer het om die apartheidstaat in die 1970's uit te daag.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie, of die BC-filosofie trots ingeboesem het en swartes gemobiliseer het om die apartheidstaat uit te daag.

**UITBREIDING**
- Rede vir die stigting van die Swartbewussynsbeweging (SB) (Agtergrond)

**Biko se filosofie van Swartbewussyn (SB)**
- Maak swart mense bewus van die euwels van apartheid
- Kweek 'n gevoel van eiewaarde en vertroue in swart Suid-Afrikaners
- Herstel swart trots
- Verander die manier waarop swart Suid-Afrikaners hulself gesien het
- Bemagtig hulle om apartheid te konfronteer
- Biko het swart Suid-Afrikaners versoek om hulself te laat geld en dinge vir hulself te doen
- Skakel die gevoel van minderwaardigheid uit

**Rol van Steve Biko**
- Vorming van SASO
- SASO het SB-idees oor die kampusse van die etnies geskeide universiteite versprei
- SASO het swart eenheid en solidariteit bevorder
- Studente meer polities bewus gemaak
- Studente aangemoedig om hulself van apartheid te bevry
- Biko bevorder selfbevryding
- Hy het geglo dat assosiasie met blankes die bevrydingstryd ondoeltreffend maak en dat swartes hulself moet bevry
- Gevestigde selfhelpgroepe vir swart gemeenskappe saam met ander SB-leiers
- SB-idees is in SASO-nuusbriewe gepubliseer

**Swartbewussyn word nasionale beweging**
- In 1972 is die Black People's Convention gestig
- Bedoel om swart mense van sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Selfhelpprojekte is op die been gebring, bv. Zanempilo Clinic, Ginsburg en Zimele Trust Fund
- Gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union in 1973
- SB beïnvloed skoliere wat tot die vorming van SASB gelei het

**Uitdagings wat die idees van SB aan die staat gestel het**

- Die Suid-Afrikaanse regering was aanvanklik nie bekommerd oor die SBB nie en het gelyk met sy eie beleid van afsonderlike ontwikkeling
- SBB het sterker geword en ŉ uitdaging aan die staat gestel
- Dit het ŉ massabeweging geword wat gepoog het om apartheid te ondermyn
- Biko se toesprake het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om apartheid te verwerp
- SB-idees spoor die werkers aan om met stakings op te tree
- SBB ondersteun disinvesteringsondernemings

**Regering se reaksie op Biko se filosofie**

- Verbod en huisarres van Biko en ander leiers
- SB-leiers is verbied om in die openbaar te praat
- BPC-aktiviste is sonder verhoor aangehou
- SASO is op universiteitskampusse verban
- Biko is in hegtenis geneem en ondervra
- Biko is in 1977 wreedaardig deur die veiligheidspolisie vermoor
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met relevante slot. **[50]**

## VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

*[Beplan en konstrueer oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**
Kandidaat moet standpunt inneem of dit slegs die rol van Nelson Mandela was wat gelei het tot die geboorte van demokratiese Suid-Afrika op 27 April 1994.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.
- Inleiding: Kandidate moet aandui of dit net Mandela se rol was wat tot die geboorte van ’n demokratiese Suid-Afrika op 27 April 1994 gelei het.

**UITBREIDING**
- De Klerk kom aan bewind in 1989 – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in parlement op 2 Februarie 1990 (Politieke leierskap)
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies, soos die ANC, PAC en SAKP
- Die verwydering van beperkings op COSATU, AZAPO, ens. (Politieke leierskap)
- Groote Schuur Minute, 2 Mei 1990 – beide partye ooreengekom om geweld te beëndig en om te onderhandel (ANC en NP ontmoet, ANC delegasie gelei deur Nelson Mandela, NP gelei deur F.W. De Klerk) (Politieke leierskap deur beide die NP en ANC)
- Apartheidswetgewing herroep soos die Wet op Afsonderlike Bespreking van Geriewe (Politieke leierskap)
- Pretoria Minute, 6 August 1990 (ANC die gewapende stryd gestop, NP het die noodtoestand gestop)
- KODESA 1 (19 politieke partye, uitsluitend AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigdes ontmoet) (Politieke leierskap en betrokkenheid van ander partye)
- Geweld bars uit in sommige dele van die land, soos Witwatersrand en Natal Slegs-blankes referendum en sy impak (March 1992) (Politieke leierskap)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) het ineengestort. Partye kon nie saamstem oor ’n nuwe grondwet en tussentydse regering nie (Politieke leierskap)
- Die NP wou minderheidsveto hê terwyl die ANC ’n tussentydse regering vir hoogstens 18 maande en ’n eenvoudige meerderheidsregering wou hê
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 June 1992)
- Bhisho-slagting het die proses van onderhandeling ontspoor (7 September 1992)
- Rekord van Verstandhouding onderteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (Politieke leierskap deur alle partye)
- Sluipmoord van Chris Hani 10 April 1993) en die impak op Suid-Afrika (Rol van Mandela – Politieke leierskap)
- Veelpartyonderhandelingsforum (Politieke leierskap deur alle partye)
- Regse (AWB) aanval op Wêreldhandelsentrum en die gevolge daarvan
- Die Sonsondergangklousule wat deur Joe Slovo ingebring is het die onderhandelings dooiepunt verbreek (Politieke leierskap)
- Verkiesingsdatum aangekondig, 27 April 1994 (Politieke leierskap)
- Die ANC wen die verkiesing en Mandela word die eerste swart Suid-Afrikaanse president
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG: 6 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet standpunt inneem en demonstreer tot watter mate Gorbatsjof se hervormingsbeleid van Glasnost en Perestroika die NP en ANC beïnvloed het om in 1994 ooreenkoms oor onderhandelinge te bereik.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en aandui of dit die beleid van Gorbatsjof was wat die NP en ANC beïnvloed het om in 1994 ooreenkoms oor onderhandelinge te bereik.

**UITBREIDING**
- Gorbachev se glasnost- en perestroika-hervormingsbeleide
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie in duie gestort en die impak daarvan
- Die kommunistiese regimes in Oos- Europa stort in duie
- Politieke veranderinge in die res van die wêreld het druk op die apartheids-regime geplaas om verandering aan te bring
- Die val van kommunisme het beide die Nasionale Party en die ANC geaffekteer
- Die Nasionale Party was nou gereed om met die ANC te onderhandel
- Die Nasionale Party se vrees vir ’n kommunistiese-beheerde ANC het nou ongegrond gelyk
- Na die val van die kommunisme in die Sowjet-unie; die ANC het nie verdere ondersteuning van die Sowjet-unie ontvang nie
- Die ANC kon nie langer op die Sowjet-unie vir ekonomiese en militêre ondersteuning staatmaak nie
- Die Nasionale Party se bewering dat dit as ‘skans’ optree teen kommunistiese uitbreiding in Suider-Afrika, het onrealisties geword
- Westerse wêreldmagte ondersteun die idee dat Suid-Afrika sy probleem vreedsaam en demokraties op kan los
- Daar was geen twyfel dat voorgesette onderdrukking van swart Suid Afrikaners deur die apartheidsregime nie volhoubaar was nie en politieke onstabiliteit tot gevolg sou hê
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig is om die ontwikkeling van ’n sterk middelklas wat as ‘bolwerk teen die rewolusie’ sou optree, in te sluit
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie meer wit minderheidsregering kan handhaaf nie
- Invloedryke lede van die Nasional Party het besef dat apartheid nie die antwoord was op die behoeftes van wit kapitalistiese ontwikkeling nie (ekonomiese toestand)
- Die Slag van Cuito Cuanavale en die gevolge daarvan
- PW Botha het ’n beroerte gehad en is deur FW de Klerk opgevolg
- FW de Klerk het Suid-Afrika se politieke penarie besef en begin aanvaar dat die swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie ’n sameswering vanaf Moskou was nie

- Dit het De Klerk instaat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel
- Op 2 Februarie 1990, het De Klerk 'n nuwe en regverdige grondwetlike bedeling aangekondig
- De Klerk het alle anti-apartheidsorganisasies, insluitend die ANC, PAC en SAKP, ontban
- Dit het die einde van die apartheidsregering aangedui en die begin van die onderhandelingsproses aangedui
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met relevante slot. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou